

APRIL: God se vernuwingsstroos is onstuitbaar en geklee in heiligheid

Woensdag **24 April**

Skrifgedeelte: Efesiërs 1:3-14 (AFR83)

Fokusgedeelte: Efesiërs 1:3

'n Loflied aan God Drie-Enig!

Hierdie 12 verse vorm 'n pragtige loflied waarin ons saam die grootheid van die Drie-Enige God kan prys.

Ons loof God omdat Hy ons geseën het. Die seën lê daarin dat Hy iets in ons harte ingeplant het wat ek en jy nooit kan produseer of maak nie. Paulus sê ons is "in Christus" geseën. Ons behoort nou aan Christus. Hy het ons duur gekoop. Uit genade het ons deel aan sy kruisiging en opstanding. Elkeen wat in hierdie innige verhouding met Christus lewe, kan weet dat ek nie net in Christus is nie, maar dat Christus ook in my is. Elke seëning van die Heilige Gees is aan ons gegee deur die Vader as ons maar net "in Christus" is.

- Die Vader is die Bron waaruit hierdie seëninge vloei.
- Die Seun bewerk die seëninge deurdat Hy ons verlos. Hy verdien in ons plek die seëninge en deel dit dan uit genade met ons.
- Die Heilige Gees verwerklik hierdie hemelse seëninge in ons lewens. Tot roem en prys van Gods genade, die grond van ons behoudenis, sing ons nou van sy reddingsdade in Hom wat die Geliefde is. Uit Hom in wie ons nou weer vry is van skuld, deur sy verlossingsbloed, in Hom, in wie die heil berei is, kom seënstroom ons tegemoet.

Sing: Skrifberyming 1-1:1, 2

Ds. FJ (Fritz) Potgieter (Bloemfontein-Suid)